BAY TYRES
MAIN ROAD, GANSBAAI
BEST PRICES & SERVICE IN TOWN
Free
Safety check on tyres, brakes suspension and wheel alignment.
ANDRÉ / ERNA / JUDITH
074 690 6882

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Pearly Beach, Baardskeerdersbos, Elim, Bredasdorp, Napier, Hermanus, Stanford
11 Maart 2022 86ste Uitgawe R7.00

SUPERSPAR
Main Road, Gansbaai
028 384 0269
MON - THUR: 08H00 - 19H00
FRIDAYS: 08H00 - 20H00
SATURDAYS: 08H00 - 19H00
SUNDAYS: 08H00 - 15H00

Seeff GANSBAAI
Ons is opsoek na huurhuise en woonstelle vir vooraf goedgekeurde huurders
Daniel Stemmet: 028 384 1444 / 078 702 3722 / daniel.stemmet@seeff.com

# Gansbaai Apteker wat Gansbaai Apteek 32 jaar gelede gebou het, kuier hier vanuit Amerika



Bo: Links van die destydse apteek wat Le Roux van Dyk in 1991 gebou het, staan die baie ou huisie wat hy aanvanklik gekoop het voordat hy begin bou het. Onder: Regs is die apteek wat hy gebou het en langsaan is die gebou wat hy later ook gebou het wat deur die eienaars van die destydse Hensie's Bargain Box by hom gehuur is.




'n Voormalige Gansbaai Apteker van 32 jaar gelede, Le Roux van Dyk en sy vrou, Marisan, het vir sowat 3 maande in Suid-Afrika (eintlik De Kelders/Gansbaai!) vanuit Amerika kom kuier. Le Roux het in 1990 sy eerste apteek in Gansbaai gekoop. 'n Jaar later koop hy 'n baie ou huisie in Hoofstraat en bou Gansbaai Apteek, asook nog 'n gebou langsaan wat hy verhuur het. Aan die einde van 1995 besluit die egpaar om permanent na Amerika te verhuis.

Hierdie mooi Gansbaai-verhaal het in 1990 begin toe Le Roux, 'n gekwalifiseerde apteker en Marisan, 'n gekwalifiseerde arbeidsterapeut, besluit het om in Gansbaai met Le Roux se eie apteek te begin. Hy het die destydse apteek in Dirkie Uysstraat in 1990 by Danie Joubert gekoop - waar die eens spoggerige Dorpskombuis destyds geleë was, maar wat nou net 'n tragiese en vervalle gebou is.

Sowat 'n jaar later koop Le Roux 'n baie ou huisie (foto 1) in Hoofstraat. Die huisie is later omskep in spreekkamers waar Dr Frans Richards later gebruik het. Daarna bou hy Gansbaai Apteek, wat intussen vergroot is, langs die huisie. Nog later bou hy direk langs die apteek nog 'n sake-gebou. Die gebou verhuur hy aan die eienaars van die destydse en bekende *Hensie's Bargain Box* (foto 1), wat aanvanklik elders in die dorp geleë was. In 1995 verkoop hy Gansbaai Apteek aan die volgende apteker, Karen Franken, wat die apteek heelwat later weer aan die Arrie Nel Aptekersgroep verkoop. Nadat die apteek verkoop is, het die Van Dyk-gesin aan die einde van 1995 permanent na Amerika verhuis.

Waarom nou juis na Gansbaai verhuis vir 'n apteek? Die egpaar het 'n lang geskiedenis met Gansbaai. Le Roux se ouers, wyle Oom Izak en Tannie Hannaleen (92) van Dyk is ou Gansbaaiers en Marisan se ouers woon in Hermanus. Tannie Hannaleen is tans 'n inwoner van Herberg aan See Tehuis vir Bejaardes. "Behalwe vir nog ander agterkleinkinders, kan ek ook nou sê ek is oumagrootjie van twee Amerikanertjies!" het Tannie Hannaleen met die tong in die kies gesê. Le Roux se suster, Anna en haar man, Japie Spies, woon in De Kelders. Hulle is afgetrede onderwysers van Montagu, waar Japie ook die skoolhoof van Montagu Hoërskool was.

Le Roux en Marisan was destyds aktief by Gansbaai se gemeenskap betrokke. Marisan was onder andere een van die stigterslede van die baie bekende Bietoubos Damesklub. Die klub is saam met Annette van Zyl, haar destydse buurvrou, asook Tannie Hanaleen gestig en het oor die jare heen van krag tot krag gegroei.

'n Stukkie ironie tydens hierdie langverwagte kuier van 3 maande, is dat daar twee keer in een week by die vakansiehuis in De Kelders, waar hulle tuisgaan, ingebreek is - gelukkig sonder enige persoonlike verliese, aangesien sake elke keer skeef geloop het vir die inbrekers.

Le Roux is gebore en getoë in Hartswater, Noord-Kaap waar sy ouers aanvanklik gewoon het. Hy verwerf 'n B.Sc-graad in Bloemfontein en ontmoet daar sy toekomstige vrou, Marisan. Na 2 jaar van verpligte militêre diensplig, studeer hy Aptekerswese aan die Universiteit van Stellenbosch. Nadat hy afstudeer het, begin hy as Apteker/Bestuurder by Stellenberg Apteek te werk.

"Die tydperk wat ons in Gansbaai gewoon het, was ook die tydperk waartydens Amerika werwingswerk in Suid-Afrika vir onder andere arbeidsterapeute gedoen het," vertel Le Roux. "Ons het besef dit is 'n geleentheid vir Marisan om as gekwalifiseerde arbeidsterapeut in Amerika aangestel te word, maar eintlik was sy ook my 'ticket' om as apteker na Amerika te gaan!"

*Volg op bladsy 2*




Le Roux van Dyk in Neil's Compounding Pharmacy in North Carolina met 'n yslike sjokolade wat hy as geskenk van 'n kliënt ontvang het - tipies van Amerika moet alles mos groter wees!

Page 3 Uilkraal Buurtwag
Page 6 CPF Members
Page 8 Wêreldbiddag vir vroue
Page 13 Carli Swart
Page 15 Witsteenbras by Gruis



Marisan en Le Roux van Dyk tydens 'n kosbare oomblik saam met sy ma, Tannie Hannaleen (92).

Le Roux het weens omstandighede sy aptekersberoep prysgegee en sy lyf vir sowat 4 jaar 'huisvrou' gehou en die kinders grootgemaak. Hierdie besluit is geneem omdat hy nie kon werk nie, aangesien hy nog nie 'n Amerikaanse werkspermit gehad het nie. Le Roux se aanvanklike plan was om later terug te val op sy aptekersberoep. "Suid-Afrika se aptekerslisensie is nie in ander lande geldig nie," het hy vertel. "Ek was dus verplig om al my aptekerseksamens oor te skryf, asook om my internskap oor te doen om weer my aptekerslisensie te kon kry."

In 1999 het Le Roux 'n werkspermit gekry en kon hy begin werk. In 2000 het hy sy aptekerslisensie vir Amerika verwerf en kon hy sy beroep as apteker weer beoefen. Sedert 2010 werk hy permanent as apteker by *Neil's Compounding Pharmacy* in North Carolina, waar hy in 2021 afgetree het. Aanvanklik het die gesin onderskeidelik in Florida en Pennsylvania gewoon, maar het later permanent na North Carolina verhuis.

Le Roux en Marisan is op 13 Desember 1986 in Hermanus in die huwelik bevestig. Twee seuns is uit die huwelik gebore, Christiaan (31) en Johan (28). Altwee die seuns is hier gedoop, maar het in Amerika grootgeword. Christiaan is ongetroud en is in die IT-bedryf. Johan is 'n verpleër en is met 'n Amerikaanse vrou getroud. Hulle het 'n



Le Roux van Dyk se suster in Gansbaai, Jurie Quass



'n Gesellige 'broer-suster-foto', met Le Roux (broer) en Marisan van Dyk voor en Japie en Anna (suster) Spies agter.

seun en 'n dogter.

"Ons het baie na ons drie maande van sorgelose vakansie in Gansbaai uitgesien," het Le Roux gesê. "Terselfdertyd kon ons so 'n bietjie wegkom van Amerika se bitterkoue winterseisoen!"

**Hardus Botha**

# Home sweet home for the elderly from Zwelihle

On Tuesday, 1 March 2022, the Western Cape Minister of Human Settlement, Tertuis Simmers, and Executive Mayor of the Overstrand Municipality, Dr. Annelie Rabie, handed over the keys to 31 proud new home owners of the Swartdam Road site C1 Housing Project in Hermanus.

This Swartdam Road site C1 Housing Project, which forms part of the Integrated Residential Development Programme (IRDP), will yield 150 top structures. Construction commenced in February 2021 with an allocated budget of just over R20 mil. Full completion of the project is expected withing the next few weeks. On delivering her speech, Overstrand Mayor Annelie



On 1 March 2022 the Western Cape Minister of Human Settlements, Tertuis Simmers and Overstrand Deputy Mayor, Lindile Ntsabo handed over the keys to home owner Mr Abe Goniwe (62). Mr Goniwe has been on the waiting list for more than 20 years.

Rabie thanked the community - especially those who have been on the waiting list for more than 16 years - for waiting their turn in allowing the Western Cape Housing Department to successfully deliver the housing project.

Mayor Rabie emphasised the importance of having a testament. She said having a will is essential for ensuring that your assets go to the people you want them to. She invited the beneficiaries to visit her office should they need help drawing up the necessary documentation.

She urged home owners to make time to beautify their homes and to take pride in their homes and neighbourhood and to please report people who



Western Cape Minister of Human Settlements, Tertuis Simmers and Overstrand Deputy Executive Mayor, Lindile Ntsabo (far right) seen with beneficiary Thembinkosi Tsibani at the housing handover ceremony held in Hermanus on 1 March 2022. With them were Overstrand Ward 5 councillor Simphiwe Silo and Portfolio Head/Mayco Member of Community Services, Ronald Nutt. Mr Tsibani has been on the housing waiting list since 1999.

vandalise the houses to their councillors so that we can deal with people who break-in and steal.
In his keynote address, Minister Simmers said:

Nomsephi Bolowana receives the keys to her new home from Minister Simmers at the housing handover ceremony held in Swartdam Road, Hermanus.



"Handing over these units to residents who have been waiting for between 16 and 23 years brought me immense joy. These are the beneficiaries whom we prioritise, as they've been patiently waiting for more than 15 years. I'm pleased that I could assist in ensuring that they now live in a safer, improved and dignified manner."

Mr Abe Goniwe (62) who has been on the housing waiting list for 21 years was and whose wife has passed on said: "Today is bittersweet for me as I wish my wife could be here to share in this wonderful moment. I do miss my wife dearly. I am happy and grateful as this means the world to me. I've waited very long, but now I finally have my home, and I would like to thank the Minister and the Western Cape Government for giving this home. My wish is that they do the same for others."

While addressing the residents, Minister Simmers further said: "I call on all community members to not allow themselves to be misled by scrupulous characters who is seeking to fraudulently access housing opportunities and making promises that they will assist community members to obtain a house. This is completely false. As a starting point you have to register your housing need at your local municipality and follow due process before you will be assisted. Community members should also report those who are engaging in these fraudulent activities to their municipality, so that they may face the full might of the law.

As the Western Cape Government, we remain committed to accelerating human settlements delivery, while promoting social inclusion through the development of integrated, resilient, safe and sustainable human settlements in an open opportunity society."

***Overstrand Municipality***



On 1 March 2022 the Western Cape Minister of Human Settlements, Tertuis Simmers and Executive Mayor of the Overstrand Municipality Annelie Rabie handed over the keys to proud new home owner Bongiwe Feketshana. She had been on the housing waiting list since 2001. With them are ward 5 councillor Simphiwe Silo (left).

COMPUTER HUT
Fibre CCTV PC Repair VOIP Wireless
25 Dirkie Uys Str, Gansbaai info@tchwisp.co.za 028 384 1443 076 671 8630

Watertech Plumbing
Kantoor Nr: 028 007 0429
Na Ure: 082 464 7226
Gelisensieerde Loodgieter en PIRB geregistreerd.
Ons werk tans van die huis af te Kano str 23, Gansbaai.

Oom Piet se Wasmandjie
Laundry Services:
- Washing
- Folding
- Ironing
- Free Pick Up & Delivery
Uilenkraalsmond to De Kelders
R20/kg
Monday - Friday
082 888 2722 wasmandjie@gmail.com
6 Fabriek Street,Gansbaai,7220

For any news contact Hardus at info2@gansberg.co.za

# Uilkraal Buurtwag se 'soldate' steeds op en wakker

“Na talle inbrake en diefstalle is daar in 2012 besluit om die Uilkraal Buurtwag vir Uilenkraalsmond Vakansie-oord op die been te bring,” vertel Paul Venter, voorsitter van die buurtwag. Die buurtwag is onder leiding van Paul gestig, met nagtelike voet-patrollies wat summier begin het.

Paul sê die lede was net met flitsligte en mannemoed 'gewapen' en so is die skoensole mettertyd deurgeloop. Ingange na Uilenkraalsmond is met versterkte draad toegespan en met die volgende draai kon hulle sien as iemand die oord binnegekom het. “Die manne te voet is deur sommige inwoners gebrandmerk as 'die ou manne met die kieries'!”, vertel Paul. “Boonop was daar nog 'n kat, George, wat saamgestap het.”

Die buurtwag het daarna van krag tot krag gegroei en in 2014 is die skoensole met 'n gholfkar vervang. “Die ou waslokaal is deur die ODM aan die buurtwag beskikbaar gestel en ons het dit as kantoor gebruik,” sê Paul. “Na die opgradering van die buurtwag, kon die karavaan vir 'n permanente gebou verruil word.” Paul vertel dat daar 'n paar bottels 'soetes' weggesteek is vir die koue nagte. “So 'n paar maande gelede vertel ons oudste lid ons hoe hulle die 'soetes' in die karavaan ontdek het en met groot verbasing agtergekom het dat dit minder begin raak het!”

Later het kringtelevisie bygekom en die eerste kamera is in 2014 geïnstalleer. Die buurtwag het gegroei en tans is daar 'n tenvolle toegeruste kontrolekamer en vyf groot TV-skerms om al 34 kamera's te akkommodeer. Diensplig word in skofte deur vrywilligers gedoen en die kontrolekamer (kamera's) word daagliks beman om alles wat gebeur te kan waarneem.

Die buurtwag ontvang geen geldelike bystand nie en is ten volle afhanklik van die publiek se bydraes. “Vandat die buurtwag soveel suksesse bereik met bykans geen inbrake nie, het die inwoners ongelukkig begin 'vergeet' hoeveel inbrake daar voorheen was,” vertel Paul. “Daarom is die finansiële bydraes besig om weg te kwyn, terwyl die bedryfskostes vir die funksionering van die buurtwag jaar na jaar styg. Die publiek word dus vriendelik versoek om bogenoemde in gedagte te hou en om te verseker om hulle gereelde bydraes steeds te maak.” Paul bedank hulle donateurs wat reeds in 2012 bydraes begin maak het en steeds daarmee voortgaan.



Die gedugte 'soldate' van Uilkraal Buurtwag, met die sameroeper, Paul Venter en sy eggenote, Doreen, voor 2de en 3de van links.

Vir enige navrae kan Uilkraal Buurtwag by 072 947 6147 geskakel word, of stuur 'n epos aan hulle by uilenwatch@gmail.com.

**Hardus Botha**

There is only one name to remember
NASHCA FUNERALS
Cremation services • Funeral services
Funeral insurance • Tombstones
64 Dirkie Uys Street, Sandbaai, Hermanus
028 316 1659
23 Main Road, Kleinmond
028 271 4971
Barnhouse, 33 Main Road, Gansbaai
028 384 0251
7 Queen Victoria Street, Stanford
028 34 101 34
082 322 0874

BLINDS & FLOORING studio
T 028 384 3898
C 082 417 5590
Shop 2, Protea Centre, Main Road Gansbaai
Call us for a FREE quotation
We do Blinds, Shutters, Awnings, Carpets, Flooring
info@blindsflooring.co.za

ADVERTISE
To Advertise
Contact Saskia van Zyl at 083 822 5799
email: ads2@gansberg.co.za

Overberg Scaffold & Machine Hire
Verhuring van alle boutoerusting:
Sementmengers, Kompakteerders, Bore, Kragopwekkers, Brekers (Breakers)
Verskillende soorte Steierwerk (scaffolding)
Hoëdruk spuittoestelle vir die skoonmaak van mure en dakke.
Industriële Sirkel, Industriële Area Gansbaai
Tel/Faks: 028 384 0189
Fanie Bothma
Sel: 083 296 2676

# Wynproe in die skadu's van 'n melkhoutwoud -'Op ons voorstoep'-

Wynproe is 'n aangename en gesellige ervaring, maar wynproe in die skadu's van reuse melkhoutbome in die sprokiesmooi melkhoutwoud by Lomond Wynlandgoed, ingesluit voëlgesang, is 'n ongekende belewenis. Dit is asof die rustigheid onder die bome en die koeligheid teen jou lyf in die skadu's so 'n 'ietsie' ekstra aan die smaak van die wyn gee - om nie eens van die ontspanne en gesellige onderlinge gees onder die wynproeërs te praat nie.

Hierdie rustigheid, ingeslote 'n toer deur Lomond se wynkelder saam met hulle wynmaker, Hannes Meyer en Sanmarie Koekemoer as gasvrou, is 'n absolute wenkombinasie. Hannes het sy B.Sc-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en was vir 10 jaar die wynmaker van Simonsig, Stellenbosch. Daar het hy onder andere die bekende 'Kaapse Vonkel' gemaak. So onlangs as 2018 het hy by Lomond aangesluit. Sy vrou, Jackie, is self ook in die wynbedryf en saam geniet hulle graag nuwe en interessante wyne.



*Parstyd by Lomond.*

Die toer deur die kelder, sommer hier onder Gansbaaiers se neuse, was baie insiggewend. Die volledige proses is deur 'n passievolle Hannes verduidelik. "Ons pluk sowat 24 ton druiwe per dag wat dan in koelkamers gebêre word," het hy gesê. Lomond Wynkelder, ontvanger van baie en ook gesogte toekennings, kan gerus op internet besoek word - 'n uitstekende wynkelder, letterlik op ons voorstoep. Daarna het die gaste, sowat 60+ van hulle, in 'n 'konvooi' na die melkhoutwoud vertrek waar die rustigheid jou hartlik verwelkom het.

In die Melkhoutwoud se skadu's is die gaste met 'n geurige Estate Merlot Rosé 2021 verwelkom. Hannes se interessante wyse van gesels en verduidelikings het die wynproeëry nog meer gesellig gemaak. Die res van die wyne wat geproe is, is Lomond Wynlandgoed se Estate Merlot 2019, Estate Sauvignon blanc 2021, Estate Syrah 2018, Pinchusion Sauvignon blanc 2021 en SSV 2021 White blend - plus die 'kersies' op die 'roomkoeke' wat gevolg het: Lomond se 7 Rows Semillion 2019, Belladonna SMV 2018 Red blend, Rockpool Chenin blanc 2020 en Rockpool Mourvedre 2019 - "En was dít nou lékker," sou wyle Jan Spies gesê het!

Sanmarie en haar flink en vriendelike spannetjie het vir puik diens gesorg. Smaaklike 'platters' is tussendeur bedien. Hannes en Sanmarie is elk met die gilde se spesiale voorskote verras. Die uitstappie na Lomond, net om die draai, is as besonders deur heelparty gaste beskryf. Teen vertrektyd het dit gelyk asof hulle traag is om die melkhoutwoud te verlaat en huiswaarts te keer. (Foto's: Jane Bailey)

**Hardus Botha**





*Wynproe in die skadu's van die melkhoutwoud.*



*'n Knap 'buitelug-span', met van links Nushaan Cornelius, Sanmarie Koekemoer (gasvrou), Hannes Meyer (wynmaker), Lejean Swart, Marzhan Roux en Marné Middleton.*


## KENNISGEWING / NOTICE

**KENNISGEWING AAN KREDITEURE & DEBITEURE**

**In die Boedel van: Johanna Sophia Heyns**
**ONGETROUD**
**Identiteitsnommer: 330305 0015 085**
**In lewe woonagtig te Stormgansstr. 16**
**Perlemoenbaai**
**GANSBAAI**

**Oorlede op 31 Oktober 2020**
**(MEESTERVERWYSING: 021704 / 2020)**

**Alle Krediteure en Debiteure word hiermee versoek om hul eise in te dien en skulde te betaal binne 'n tydperk van 30 (Dertig) DAE gereken vanaf 14 Maart 2022**

**J.PAULSEN PROKUREURS**
**Fabriekstr. 26 Gansbaai**
**(T) 028 - 384 1056**
**(E) jpaulsen@webmail.co.za**
**Verw: H0001**




*Lo Mond se goed-toegeruste wynkelder, met wynmaker Hannes Meyer aan die woord.*



*Japie Spies oorhandig die gilde se voorskote aan wynmaker Hannes Meyer en gasvrou Sanmarie Koekemoer.*





**Saskia van Zyl**
**083 822 5799**


Die Vis Fabriek
FROZEN FOODS
Sweetlips Seafood & Chicken
Seafood Cheap
Chicken Cheap
Specials available only at:
Hermanus
Shop L1A
Whale Coast
Mall
Tel:
063 823 7059
Bredasdorp
25 All Saints
Street
Tel:
081 568 3521
Catering Prawn Meat
R100.00 800g
Plain Chicken Strips
R60.00 1 kg
Cheesy Schnitzel
R58.00 per kg
Smoked Salmon Pieces
R22.50 500 g
Chips
R30.00 3 kg
Seafood Mix
R42.50 700 g
Nam-Char wood
R45.00 10 kg
Indomie Noodles
R5.00 each
Whole Cooked Mussels
R18.50 450 g
Steak House Chips
R45.00 2.5 kg
Fries
R38.50 2.5 kg
Onion Rings
R39.50 1 kg
Hashbrowns
R29.50 1 kg
Plain / Spicy Burgers
R117.50 2 kg
Charcoal
R30.00 4 kg / 5 kg
SPECIALS ONLY AVAILABLE FROM 10 MARCH - 15 MARCH 2022

# Local CPF Members Chosen for Cluster Executive

The Overberg Cluster Community Police Forum held their AGM on Tuesday 22 February 2022.

Local CPF chairpersons were nominated and elected:

Chairperson: Trevor Hermanus – Genadendal CPF Chairperson
Deputy Chairperson: Julia Barlow – Gansbaai CPF Chairperson
Treasurer: Ernest White – Bredasdorp CPF Chairperson


*Ernest White – Bredasdorp CPF Chairperson, Julia Barlow – Gansbaai CPF Chairperson, Trevor Hermanus – Genadendal CPF Chairperson*

Trevor Hermanus has approximately 15 years of serving on the CPF and was the Deputy Chairperson of the cluster serving with the late Lucille Mangaigalli who was the Chairperson of the Cluster. Julia Barlow mentioned to Trevor after the election that he had had good leadership with the guidance of Lucille and with that base, this cluster would do well. Trevor is passionate about his community and he is striving to create good partnerships within the community and SAPS in preventing crime.

Julia Barlow has been the Gansbaai CPF Chairperson since 2018, she is also the Victim Support Room Co-Ordinator and Counsellor. She believes that everyone must play their part in preventing crime. In addition, she enjoys working with the community and being the liaison between the community and Gansbaai SAPS. She is involved in projects within the community and has built strong relationships within all stakeholders which is important.

Ernest White has been the Bredasdorp Chairperson since 2021 and is very involved within the community in various activities – athletics, football and is also serving on the Bredasdorp Sport and Recreation Forum. Ernest believes that it is important to be involved within the community and to find ways of bringing them together.

All three members are very humbled to have been elected and to look forward to working with Cluster Commander Brigadier Heilbron and the team.

**Julia Barlow**
**Gansbaai CPF Chairperson**
**Cluster Deputy Chairperson**

# Security issues at dumping site

Following social media comments, it would appear that there is a misunderstanding as to the exact location of the alleged robbery. Please take note that the report

The Hermanus Transfer Station, situated on the corner of Swartdam and Mbeki Roads, is open to the public for the disposal of garden waste only. Please dump your garden waste at the front right-hand side as you enter through the gate.



referring to the recycling dump site on a security Whatsapp group in Hermanus on Saturday 5 March 2022 in fact referred to an attempted robbery which took place at the old Hermanus Transfer Station, located near the corner of Swartdam and Mbeki Roads and not at the new Materials Recovery Facility (MRF).

The individual was busy offloading building rubble behind the Hermanus Transfer Station building in the area, reserved for the area cleaning contractors to off-load the waste that they collect. The incident was witnessed by the on-site security and he went across to chase the individuals away.

Members of the public must take note that the old Hermanus Transfer Station is only open to the general public for the disposal of garden waste (front right-hand side as you enter through the gate).

All general waste and builders' rubble (under 1 ton) must please be disposed of at the new drop-off facility situated next to the MRF (Materials Recovery Facility). The entrance to the drop-off is at the bottom Schulphoek Road on the left-hand side just after the Zwelihle Primary School.

Operating hours of both facilities are as follows:

- Mondays to Fridays from 08:00 to 18:00
- Saturdays from 09:00 to 16:00
- Sundays (Closed)
- Public holidays from 09:00 to 14:00

***Overstrand Municipality***







## Boereraat vir Absesse

- 'n Skyfie groen tamatie wat oor die abses gebind word, sal help om die infeksie te verlig.

- Gestampte knoffel kan om die abses gebind word. Dit is 'n natuurlike antibiotikum.

- Klits eiergeel en sout saam en verf op die abses.



Stuur vir ons jou boereraat.
Whatsapp na 066 286 5273 /
Email na: info@gansberg.co.za






# Bergrotingsrede en Landboukwessies -Agri Wes-Kaap is positief-

Agri Wes-Kaap is positief oor die uitkoms van vanjaar se begrotingsrede weens die menige landboukwessies wat minister Enoch Gondwana aangeraak het. Volgens die minister, is die hoop met vanjaar se begroting om broodnodige ekonomiese groei te bevorder. Agri Wes-Kaap is van mening dat die investering in die landbou 'n kritiese rol in ekonomiese groei speel.

**Belastingkoerse**
**(a) Brandstofheffing:**
Brandstof, wat een van die grootste insetkoste in primêre landbouproduksie is, asook 'n enorme koste-komponent in die breër landbou-waardeketting, het oor die afgelope jaar buitensporig duur geword. Agri Wes-Kaap is daarom verlig dat die algemene brandstofheffing en die padongeluksfondsheffing nie wéér verhoog gaan word nie. "Agri Wes-Kaap verwelkom ook die aankondiging dat die huidige prysmodel vir brandstofpryse hersien sal word," sê mnr Jannie Strydom, uitvoerende hoof van Agri Wes-Kaap.

**(b) Aksynsbelasting op alkohol:**
Die wynbedryf is tans besig om te herstel van die impak wat die plaaslike drankverbod en reisbeperkings op die bedryf se inkomstestrome gehad het. "Agri Wes-Kaap is dankbaar dat die verhoging in aksynsbelasting in lyn met inflasie is," voer mnr Strydom aan.

**Infrastruktuur en veiligheid**
Tydens President Cyril Ramaphosa se staatsrede was daar menige sprake van ingrypings om infrastruktuur aangeleenthede in Suid-Afrika aan te spreek. Agri Wes-Kaap verwelkom die ondersteuning wat daar in die begrotingsrede aangekondig is om hierdie projekte te finansier.

Eskom se skuldvlakke is steeds 'n groot bekommernis vir Agri Wes-Kaap. Hoewel daar 'n addisionele R88 miljard tot 2025/26 aan die nutsmaatskappy bewillig is om sy skuldvlakke te konsolideer, is Agri Wes-Kaap bemoedig deur die minister se verwagting van Eskom om daadwerklike aksies te implementeer om kostebeheer te verbeter. Dit is verder verblydend om te hoor dat die Nasionale Tesourie aan 'n volhoubare oplossing werk om Eskom se skuld te hanteer op 'n wyse wat billik en regverdig teenoor alle belanghebbendes is.

"Agri Wes-Kaap is dankbaar vir die addisionele R9.9 miljard wat daar aan SANRAL geallokeer is vir die instandhouding van die nie-tolpadnetwerk," sê mnr Strydom. Hy voer verder aan: "Minister Godongwana se aankondiging dat daar inisiatiewe oor die mediumtermyn geloods gaan word om die doeltreffendheid van hawens te verbeter, asook spoorweë se kapasiteit uit te brei, is goeie nuus vir die landbousektor." Hierdie inisiatiewe sluit onder andere derdepartytoegang in en sal beoog om Transnet se logistieke uitdagings - insluitend lokomotief-beskikbaarheid, kabeldiefstal, spoorvandalisme en hawevertragings - aan te spreek.

Agri Wes-Kaap is veral positief oor die R2.1 miljard wat daar bewillig is vir die verhoging van die Clanwilliam damwal en vertrou dat die addisionele fondse die voltooiing van die projek sal versnel.

Agri Wes-Kaap verwelkom verder die aankondiging van R8.7 miljard wat tot die polisie se begroting toegevoeg is. "Landelike veiligheid is vir Agri Wes-Kaap uiters belangrik en daarom verwelkom ons die addisionele fondse wat daar aan die polisie beloof is," sê mnr Strydom. Hy voer verder aan dat Agri Wes-Kaap vertrou dat die fondse onder andere gebruik sal word vir die opleiding en aanstellings van 12 000 addisionele polisielede, soos beloof in President Ramaphosa se staatsrede.

Die bewilliging van R1.3 miljard aan die Landbouproduksie-, Biosekuriteit- en Hulpbronbestuursprogram in die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling vir onder andere biosekuriteit is ook goeie nuus vir die sektor. "Ons is dankbaar dat soveel landboukwessies die nodige aandag sal geniet," sluit mnr Strydom af.

**Adéle Changuion**
**Skakelbeampte: Agri Wes-Kaap**

# Gansbaai CPF Executive Members attended Training

Saturday 05 March 2022 a few of the Gansbaai Executive Committee members attended a Community Police Forum Capacity Building Training, held at the Hermanus Auditorium.

Chairperson Julia Barlow, Assistant Secretary Sgt Woens Basson, Project Co-Ordinator Joanne Lewis and Additional member Bianca Booysen left very early the morning – Sgt Woens Basson was the designated driver and ensured they were all on time.
Deputy Director Jeff Xaba, Civilian Secretariat for Police Service, Directorate Partnerships was the presenter. He gave the attendees insight into the various sections, Acts and legislation.

The presentations and discussions were:
CPF Civilian Oversight Capacity Building Training
Legal Framework of within the JCPS Cluster
Community Policing Partnerships in addressing Crime and Creating Safe Communities
Sector Policing – Community in Blue
Domestic Violence
Communication for Successful Collaboration
Strategic Problem Solving
Action Plan and Community Safety Plan

Important aspects discussed were: "SAPS is here to serve and protect". CPFs are to understand the problems of the community and to be proactive. The community must be encouraged to be aware, therefore the question to ask the neighbours, shop owners, businesses, home owners, etc.: "Are You Safe?" Crime prevention begins with you, be proactive before it happens, take the necessary precautions to prevent a situation from taking place.
Deputy Director Jeff Xaba spoke well and kept his audience captive throughout the day and before lunch questions were asked which was well answered. The Gansbaai team left feeling uplifted with extra knowledge and insight.


*Additional member Bianca Booysen, Project Co-Ordinator Joanne Lewis, Chairperson Julia Barlow & Assistant Secretary Sgt Woens Basson*

**Julia Barlow**
**Gansbaai CPF Chairperson**


OVERSTRAND

## MUNICIPAL NOTICE / ISAZISO / KENNIS

**OVERSTRAND MUNICIPAL ADVISORY FORUM (OMAF)**

Notice is hereby given that a meeting of the Overstrand Municipal Advisory Forum (OMAF) will take place on Tuesday, **15 March 2022, at 18h00** in the Sandbaai Hall.

Purpose of meeting:

- *Strategic direction draft IDP (Integrated Development Plan) and Draft budget process for 2022/23*

All members of the Ward Committees are invited to attend.

**COVID-19 protocols will be applied at the venue. Only a maximum of 200 people will be allowed inside the venue. Reserve your seat with sblock@overstrand.gov.za by 12h00 on Monday, 14 March 2022. Access may also be limited due to practical considerations.**

**Contact person: Ms S Block 028-313 8108**

**Municipal Manager: Overstrand Municipality**
**PO Box 20, HERMANUS, 7200**
**3 March 2022**

**Notice no.: 21 / 2022**

**OVERSTRAND MUNISIPALE ADVIESFORUM (OMAF)**

Kennis geskied hiermee dat 'n vergadering van die Overstrand Munisipale Advies Forum (OMAF) sal plaasvind op Dinsdag,
**15 Maart 2022** om 18h00 in die Sandbaaisaal.

Doel van vergadering:

- *Strategiese rigting konsep GOP (Geintegreerde Ontwikkelingsplan) en konsep Begrotingsproses vir 2022/23*

Alle lede van die Wykskomitees word uitgenooi om die vergadering by te woon.

**COVID-19 reëlings sal op die lokale toegepas word. Slegs 'n maksimum van 200 persone word binne die lokaal toegelaat. Bespreek u sitplek by sblock@overstrand.gov.za teen 12h00 op Maandag, 14 Maart 2022. Toegang kan ook beperk word as gevolg van praktiese oorwegings.**

**Kontakpersoon: Ms S Block 028-313 8108**

**Munisipale Bestuurder: Overstrand Munisipaliteit**
**Privaat Sak 20, HERMANUS, 7200**
**3 Maart 2022**

**Kennis nr.: 21 / 2022**

**IFORAM YENGCESO KAMASIPALA WASEOVERSTRAND (OMAF)**

Kwenziwa isaziso sokuba intlanganiso yeForam yeeNgcebiso zikaMasipala waseOverstrand (OMAF) iya kuba ngoLwesibini, umhla we-15 Matshi 2022, ngo-18h00 kwiHolo yaseSandbaai.

Injongo yentlanganiso:

Uyilo lwesikhokelo sobuchule weSicwangciso soPhuhliso esiHlanganisiweyo (IDP) (iSicwangciso soPhuhliso esiHlanganisiweyo) kunye nenkqubo eyiDrafti yoHlahlo-lwabiwo-mali luka-2022/23

Onke amalungu eeKomiti zeWadi ayamenywa ukuba abekho

**Iiprothokholi ze-COVID-19 ziya kusetyenziswa. Ngabantu abangama-200 kuphela abaya kuvunyelwa ngaphakathi. Gcina isihlalo sakho ngokuthi iqhagamshelane nokuthumela imeyile ku-sblock@overstrand.gov.za ngentsimbi phambi kwentsimbi ka-12h00 ngoMvulo, umhla we-14 Matshi 2022. Ungangavunyelwa ungene ngenxa yesimo esinokuba sikhona.**

**Qhagamshelana no: Ms S Block 028-313 8108**

**Umphathi KaMasipala: waseOverstrand**
**PO Box 20, HERMANUS, 7200**
**3 March 2022**

**Inombolo yesaziso: 21 / 2022**

# Vredeslelies vir Wêreldbiddag vir Vroue

"*God wil ons, sy kinders, gebruik om eerstens na Hom te draai en ons verhouding met Hom te hernu - ons moet ons bekeer, vergifnis vra en Hom aanbid - God vra ons om vir ons dorpe te bid en hoop te bring vir mense wat Hom nie ken nie - ons moet die Heilige Gees toelaat om ons te lei om die vrugte van die gees, wat liefde insluit, in ons gemeenskap uit te leef*," was deel van Marina van Dyk se boodskap van hoop vir vandag se wêreld tydens 'n Wêreldbiddag vir Vroue.



Liesbet Kondoktor, Marina van Dyk (organiseerder), Anita Johnson, Surika Janse van Rensburg en Verna Fortuin.

Marina was die organiseerder en hoofspreker tydens Gansbaai se vieringe van Wêreldbiddag vir Vroue op Saterdag, 4 Maart 2022 in die NG-Kerkgebou. Die pragtige vredeslelie (*Spathiphyllum cochlearispathum*) wat op Wêreldbiddag vir Vroue se embleem pryk, is as kanselversiering gebruik. Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging wat deur Christenvroue gelei word. Hulle het ten doel om met gebed en aksie vrede en geregtigheid te bewerkstellig. Hierdie biddag word jaarliks in meer as 170 lande op die eerste Saterdag van Maart gevier. Vanjaar se tema is deur Engeland, Wallis en Noord-Ierland voorberei: "Ek weet wat Ek vir jou beplan!" (Jeremia 29:1-14)

Marina het na die sewende eeu vC verwys, wat 'n tydperk van groot onrus vir Israel, Juda en die omliggende volke was. "Eers was dit die wrede Assiriese Ryk en daarna die magtige Babiloniërs," het sy vertel. "Die profeet Jeremia is gedurende hierdie tyd gebore en hy moes as 'n jong profeet 'n baie groot taak op hom neem, waarvoor hy aanvanklik nie kans gesien het nie - maar God het sy lippe aangeraak en hom van sy kragtige teenwoordigheid verseker."

Nog sprekers wat aan die woord gestel is, is Liesbet Kondoktor van die VGK-gemeente in Blompark, Anita Johnson van Gansbaai Family Church en Surika Janse van Rensburg van Lede in Christus Gemeente. Verna Fortuin van die VGK-gemeente het as begeleier opgetree - met haar kitaarspel en suiwer sangstem het sy die vroue met gewyde en luisterryke begeleiding bedien.



Verna Fortuin wat die vroue-byeenkoms met kitaar en sang begelei het.

Die program is deurgaans afgewissel met voorlesings, gebede en sang.

Liesbet Kondoktor het die verhaal van 'Lina' aan die vroue voorgehou. Lina moes haar seun help om sy vier seuns groot te maak nadat hulle ma hulle verlaat het. Sy moes leer hoe belangrik dit is om God se plan raak te sien.

